Desember 2023

Kersseisoen nie jou gunsteling tyd nie?

Die vraag het die hele naweek by my gespook, en ek het met ’n jammerte besef dit is nie almal se gunsteling tyd van die jaar nie. Inteendeel, my novelle Beklitsde Kersfees, gaan juis oor ’n man wat Kersfees met seerkry assosieer. Dink aan mense wat alleen is, terwyl ons met familie kuier. Mense wat nie geld het om lekker te eet nie, terwyl ons tafels oorlaai is. Ek myself, wil

bietjie meer ingestel wees op hulle vir wie die feesseisoen nie ’n fees is nie. Daarmee saam, wil ek dankbaar wees dat die feesseisoen vir my ’n fees is. Iets wat ons as vanselfsprekend aanvaar.

VOORBARIGE KERSBOOM het die lig gesien.
Kersfees-novelle
15600 woorde

Ietwat anders as my ander boeke. Ek is self nuuskierig oor hoe hy ontvang gaan word. 🤭
Op Amazon beskikbaar:
https://amzn.to/49aCcRK
Die sagteband kan by my bestel word teen R170 (koerier uitgesluit)
Kliek op die Amazon skakel of HIER vir die agterplats/blurb:
https://elsabewelman.co.za/p/1040676/voorbarige-kersboom-2023

WELKOM aan al die nuwe intekenare! Ek kuier een keer per maand per e-pos en beloof om jou nie te oordonder met Elsabé's in die INBOX nie.

Gedeelde vreugdes:

Hou jy van Afrikaanse romanses?

Volg die groep SMOORVERLIEF IN AFRIKAANS op Facebook. Ons het een van die dae 'n Facebookpartytjie (wat 'n hele week aanhou – ons is laaaaang asems!!😀) waarin skrywers hulleself bekendstel, speletjies speel en boeke as pryse uitloof, en belangrike inligting deel.
Ons skryf in verskillende romanse-genre's, en daar behoort iets vir jou te wees.
Indien jy nie Vrydagaand beskikbaar is nie, kan jy steeds agterna deelneem.
https://www.facebook.com/groups/690670142898876

Hou jy van Kersverhale?

Twee van my skrywersvriende het ook onlangs hulle Kersverhale gepubliseer.



Liesbet van Rooyen se man het haar eers verneuk, en toe geskei, en Liesbet het finaal besluit: sy val nie weer vir 'n aantreklike gesig nie—dit is nie die pyn werd nie.
Nicolaas Kriel, kroonprins van Kabouterland Speelgoedmaatskappy, het nooit 'n tekort aan vroulike geselskap nie. Hy kan enige vrou met sy sjarme wen—totdat hy vir Liesbet ontmoet, en sy nie voor sy glimlag swig nie.
Nicolaas en Liesbet word opdrag gegee om te reis na die afgeleë dorpie Dawidshoogte; waar donkiekarre in die strate ry en die sterretapyt jou laat voel asof jy op die hemel se dak sit, en Nicolaas ontdek dat die één vrou wat nie vir sy sjarme val nie, is die enigste vrou wat hy wil hê.
Sal Liesbet haar hart ten alle koste beskerm teen die seerkry van 'n liefde wat tot 'n einde loop?
Of kan Nicolaas haar oorreed om hom te vertrou, om haar hart nog een keer te waag?
E-boek op Amazon: https://amzn.to/44ufY9T
Sagteband op https://www.marilizeroosromance.co.za/

Anja Jordaan haat Kersfees en alles wat daarmee saamgaan – die kersversierings, liedjies en meer nog vir Heinrich Winterbach. Toe sy uitvind dat Heinrich as besturende direkteur aangestel is na die afsterwe van haar geliefde mentor, sak haar hart in haar skoene. Die man is 'n ongeskikte buffel.
Na ses jaar in Hong Kong, keer Heinrich terug na Kaapstad met gemengde gevoelens. Hy weet nie of hy gereed is om die uitdaging as besturende direkteur te aanvaar nie, veral nie onder die omstandighede nie. Peet Harmse het 'n groot deel van sy lewe uitgemaak, nie net as sy peetpa nie, maar ook as sy mentor. Dis groot

skoene om vol te staan.
Gelukkig ook dat Anja en Heinrich nie bewus is dat Norman, die swart-en-wit kantoorkat, ander planne het vir die feesseisoen nie. Sy teiken is Anja. Norman is vasbeslote om haar houding jeens Kersfees en Heinrich te verander. Mense kan soms so dom wees. Hulle staar hulle blind teen hul eie onsekerhede. Met Kersfees wat nader kom, kan Norman se pogings die ys om Anja en Heinrich se harte laat smelt en hulle bymekaar bring.
Purr-fekte Kersfees is ‘n verhaal van tweede kanse, vergifnis en die helende krag van liefde. Gaan saam met Norman, Anja en Heinrich op ‘n reis waar die gees van Kersfees nie net weer aangesteek word nie, maar dat ware liefde selfs die hardkoppigste harte kan oorwin.
E-boek op Amazon: https://amzn.to/40cSG7T
Sagteband: https://www.francinebeaton.com/shop

Gedeelde hartseer:
Net 16 dae na my pa se afsterwe, is ma Lettie ook oorlede. Twee dae voor haar 91e verjaardag. Dit was ’n harde slag en die gat is groot, maar ons is tevrede. Ma het geval en haar heup en bekken gebreek. Haar longe was te swak vir ’n heupvervanging. En nou kan sy huppel in die hemel, dimensie is nie meer deel van haar lewe nie en sy hoef nie in die warm, droë Karoo aan ’n bed vasgekluister te wees nie. Baie dankie vir baie van julle se omgee-boodskappe! 💝🙏

Geniet die rustiger tyd oor die Kersseisoen. Geniet jou vakansie, as jy kan wegloop. Geniet jou familie, as jy bevoorreg is om saam met hulle te wees. Wees gelukkig en vol vrede.

DANKIE vir jou ondersteuning en belangstelling in my skryfloopbaan gedurende 2023.
Ons gesels weer in 2024!

Elsabé

My kontakbesonderhede:
Tel: 0769216174 (ook vir Whatsapp)
skryf@elsabewelman.co.za
www.elsabewelman.co.za
Raak ook my vriend op:

https://www.amazon.com/stores/author/B08DMRBV7W
https://www.tiktok.com/@elsabewelmanskrywer
https://www.goodreads.com/author/show/17229817.Elsab_Welman
https://www.facebook.com/elsabewelmanskrywer/